# Blouberg Ridge Primary School
# Grade 5
# Afrikaans FAL
# Mid-Year Examination Paper 2019

**<u>Leesbegrip</u>: Lees die storie en beantwoord die vrae wat volg.**

EXEMPLAR

## 'n Muis met vakansie!



Gerhard Muis is moeg. Dit is harde werk om elke dag te soek vir kos om te eet en 'n veilige plek om te slaap. Hy voel sommer moedeloos.

Erasmus Seemeeu sê: "Wat jy nodig het, is 'n vakansie! Kom saam met my see toe. Dis heerlik by die see, jy sal sien."

Gerhard Muis dink dat 'n vakansie by die see 'n goeie idee is. Hy pak haastig sy tas en roep sy vriende: "Ek is op pad see toe met vakansie. Ek gaan vir 'n paar dae nie hier wees nie."

Hy klim op Erasmus Seemeeu se rug en daar vlieg hulle weg. Hulle vlieg ver vanwaar Gerhard Muis woon en baie hard werk. Voor hulle kan Gerhard Muis die blou see sien blink.

Op die strand slaan hy sy strandstoel en sy sambreel op. Hy sit sy groot sonbril oor sy oë. Net toe Gerhard Muis rustig sit, begin sy maag grom.

"Wat is hier by die see om te eet?" vra hy vir Erasmus Seemeeu. "Die heerlikste dinge wat jy al ooit gesien het!" sê Erasmus Seemeeu. Erasmus Seemeeu wys vir Gerhard Muis al die vrot aas, dooie visderms en grillerige slakke rondlê. Gerhard Muis se maag draai, want hy kan dit glad nie eet nie. Hy soek saadjies en broodkrummels wat rondlê.

Dit raak donker en Gerhard Muis het nog steeds niks gevind om te eet nie...

(Verwerk: https://www.kleuters.co.za/images/kinderstories)

**Vraag 1: Beantwoord die vrae:**

1.1. Wat is die titel van die storie? (1)

______________________________________

1.2. Wie is die twee hoofkarakters? (2)

__________________________ en __________________________

1.3 . Waar gaan hulle vakansie hou? (1)

______________________________________

**Vraag 2: Kies die korrekte antwoord.**

2.1. Hoekom is Gerhard Muis moeg vir die lewe? (1)

a) Hy slaap te veel.

b) Hy eet te veel.

c) Hy werk te hard.

**Vraag 3: Rangskik die sinne in volgorde soos dit in die teks voorkom. Skryf slegs die nommer 1-3.**

(3)

| | |
|---|---|
| 3.1. Gerhard Muis word honger. | |
| 3.2. Hulle vertrek met vakansie. | |
| 3.3. Gerhard Muis besluit dat hy ook met vakansie gaan. | |

EXEMPLAR

**Vraag 4: Pas Kolom A by Kolom B deur die letter langs die korrekte nommer te skryf.** (4)

| A | | Antwoord | B | |
|---|---|---|---|---|
| 4.1. | moedeloos | 4.1. ________ | A | Die agterkant van 'n persoon of dier. |
| 4.2. | vrot | 4.2. ________ | B | 'n Plek waar jy kan rus. |
| 4.3. | rug | 4.3. ________ | C | Dit is nie meer vars nie. |
| 4.4. | slaapplek | 4.4. ________ | D | Om op te gee. |

_______/12

**Vraag 5: Beantwoord die vrae:**

5.1. Watter soort dier is Erasmus Seemeeu?

__________________________________ (1)

5.2. In watter seisoen speel die storie af? Gee 'n rede vir jou antwoord.

________________________________________________________________

________________________________________________________________ (2)

5.3. Watter woord in die storie sê vir ons dat Gerhard Muis opgewonde oor sy vakansie is?

________________________________________________________________

________________________________________________________________ (1)

5.4. Wat sal jy inpak vir 'n see-vakansie? Gee 'n rede vir jou antwoord.

________________________________________________________________

________________________________________________________________ (2)

5.5. Waar wil jy graag met vakansie gaan? Gee 'n rede vir jou antwoord.

________________________________________________________________

________________________________________________________________ (2)

_____/8

EXEMPLAR



**Leesbegrip van 'n visuele teks:** **[5]**

Kyk na die prent en beantwoord die vrae wat volg.



EXEMPLAR

**Vraag 6: Kies die korrekte antwoord.**

6.1. Daar is baie (muise/mense) op die strand.

6.2. Die meisie (bou/breek) 'n sandkasteel.

6.3. Die man (vat/neem) foto's.

6.4. 'n Vrou (lê/sit) op 'n handdoek.

6.5. 'n Vliegtuig vlieg (oor/in) die see. (5)

____/5

**TOTAAL: ____/25**

## Taalstrukture en –konvensies:

**Vraag 7: Onderstreep al die werkwoorde.**

7.1. Ek en my gesin gaan met vakansie.

7.2. Ons het ons tasse gepak en wag om te vertrek. (3)

**Vraag 8: Skryf die sin in die verlede tyd.**

8.1. Ons gaan see toe.

_______________________________________________ (1)

**Vraag 9: Vul die korrekte voornaamwoorde in.**

9.1. Ek pak my klere in __________ tas. (1)

9.2. Gerhard Muis pak ___________ tas. (1)

**Vraag 10: Vul die voorsetsels in.**

10.1. Ons swem _________ die see. (1)

10.2. Erasmus Seemeeu land ___________ die strand. (1)

10.3. Gerhard Muis sit _____________ die sambreel. (1)

**Vraag 11: Skryf die sinne in die lydende vorm.**

11.1. Gerhard Muis pak 'n tas.

_______________________________________________ (1)

11.2. Erasmus Seemeeu het derms geëet.

_______________________________________________ (1)

________/11

EXEMPLAR

**Vraag 12: Pas die woord in kolom A by 'n woord in kolom B om 'n nuwe woord te vorm. (samestellings).**

| A | B |
|---|---|
| swem | warm |
| son | plank |
| vuur | broek |
| brander | skerm |

12.1. ______________________

12.2. ______________________

12.3. ______________________ (3)

**Vraag 13: Voltooi die table met woorde van die teenoorgestelde betekenis.**

| | |
|---|---|
| warm | 13.1. ____________ |
| droog | 13.2. ____________ |
| gelukkig | 13.3. ____________ |

(3)

**Vraag 14: Skryf die sinne in die ontkennende vorm.**

14.1. Ons gaan see toe.

______________________________________________________ (1)

14.2. Het iemand my sambreel gesien?

______________________________________________________ (1)

**Vraag 15: Skryf die sin in die toekomende tyd.**

15.1. Erasmus Seemeeu vlieg deur die lug.

______________________________________________________ (1)

______/9

TOTAAL: _____/20

EXEMPLAR

# Blouberg Ridge Primary School
# Grade 5
# Afrikaans FAL
# Final Examination Paper 2019
# Marking Guidelines

**<u>Leesbegrip</u>: Lees die storie en beantwoord die vrae wat volg.**

EXEMPLAR

## 'n Muis met vakansie!



Gerhard Muis is moeg. Dit is harde werk om elke dag te soek vir kos om te eet en 'n veilige plek om te slaap. Hy voel sommer moedeloos.

Erasmus Seemeeu sê: "Wat jy nodig het, is 'n vakansie! Kom saam met my see toe. Dis heerlik by die see, jy sal sien."

Gerhard Muis dink dat 'n vakansie by die see 'n goeie idee is. Hy pak haastig sy tas en roep sy vriende: "Ek is op pad see toe met vakansie. Ek gaan vir 'n paar dae nie hier wees nie."

Hy klim op Erasmus Seemeeu se rug en daar vlieg hulle weg. Hulle vlieg ver vanwaar Gerhard Muis woon en baie hard werk. Voor hulle kan Gerhard Muis die blou see sien blink.

Op die strand slaan hy sy strandstoel en sy sambreel op. Hy sit sy groot sonbril oor sy oë. Net toe Gerhard Muis rustig sit, begin sy maag grom.

"Wat is hier by die see om te eet?" vra hy vir Erasmus Seemeeu. "Die heerlikste dinge wat jy al ooit gesien het!" sê Erasmus Seemeeu. Erasmus Seemeeu wys vir Gerhard Muis al die vrot aas, dooie visderms en grillerige slakke rondlê. Gerhard Muis se maag draai, want hy kan dit glad nie eet nie. Hy soek saadjies en broodkrummels wat rondlê.

Dit raak donker en Gerhard Muis het nog steeds niks gevind om te eet nie...

(Verwerk: https://www.kleuters.co.za/images/kinderstories)

**Vraag 1: Beantwoord die vrae:** (Vlak 1)

1.1. Wat is die titel van die storie? (1)

**'n Muis met vakansie!** ✔

1.2. Wie is die twee hoofkarakters? (2)

**Gerhard Muis** ✔ en **Erasmus Seemeeu** ✔

1.3 . Waar gaan hulle vakansie hou? **(1)**

**By die see.** ✔

**Vraag 2: Kies die korrekte antwoord.** (Vlak 1)

2.1. Hoekom is Gerhard Muis moeg vir die lewe? (1)

a) Hy slaap te veel.

b) Hy eet te veel.

**c) Hy werk te hard.** ✔

**Vraag 3: Rangskik die sinne in volgorde soos dit in die teks voorkom. Skryf slegs die nommer 1-3.** (Vlak 2)

(3)

| | |
|---|---|
| 3.1. Gerhard Muis word honger. | **3** ✔ |
| 3.2. Hulle vertrek met vakansie. | **2** ✔ |
| 3.3. Gerhard Muis besluit dat hy ook met vakansie gaan. | **1** ✔ |

**Vraag 4: Pas Kolom A by Kolom B deur die letter langs die korrekte nommer te skryf.** (Vlak 3) (4)

| A | | Antwoord | B | |
|---|---|---|---|---|
| 4.1. | moedeloos | 4.1. **D** ✔ | A | Die agterkant van 'n persoon of dier. |
| 4.2. | vrot | 4.2. **C** ✔ | B | 'n Plek waar jy kan rus. |
| 4.3. | rug | 4.3. **A** ✔ | C | Dit is nie meer vars nie. |
| 4.4. | slaapplek | 4.4. **B** ✔ | D | Om op te gee. |

_______/12



EXEMPLAR

**Vraag 5: Beantwoord die vrae:** (Vlak 3)

5.1. Watter soort dier is Erasmus Seemeeu?

**'n Voël ✔** (1)

5.2. In watter seisoen speel die storie af? Gee 'n rede vir jou antwoord.

**In die somer ✔ , want hulle gaan see toe. ✔**

**Enige relevante rede sal as korrek aanvaar word.** (2)

5.3. Watter woord in die storie sê vir ons dat Gerhard Muis opgewonde oor sy vakansie is?

**Haastig. ✔** (1)

5.4. Wat sal jy inpak vir 'n see-vakansie? Gee 'n rede vir jou antwoord. (Vlak 4 & 5)

**'n Swembroek; 'n leesboek; musiek ✔ , want ek hou van swem/lees/musiek luister. ✔**

**Enige relevante antwoord met rede sal as korrek aanvaar word.** (2)

5.5. Waar wil jy graag met vakansie gaan? Gee 'n rede vir jou antwoord. (Vlak 4 & 5)

**By die see; In Europa; In die wildtuin ✔ , want ek hou van die see/ ek wil sokkerwedstryde kyk/ek hou van wilde diere. ✔**

**Enige relevante antwoord met rede sal as korrek aanvaar word.**

(2)

EXEMPLAR

_____/8



**Leesbegrip van 'n visuele teks:** **[5]**

Kyk na die prent en beantwoord die vrae wat volg.



EXEMPLAR

**Vraag 6: Kies die korrekte antwoord.**

6.1. Daar is baie (muise/**mense**) op die strand. ✔

6.2. Die meisie (**bou**/breek) 'n sandkasteel. ✔

6.3. Die man (vat/**neem**) foto's. ✔

6.4. 'n Vrou (**lê**/sit) op 'n handdoek. ✔

6.5. 'n Vliegtuig vlieg (**oor**/in) die see. ✔ (5)

____/5

**TOTAAL: ____/25**

## Taalstrukture en –konvensies:

**Vraag 7: Onderstreep al die werkwoorde.**

7.1. Ek en my gesin gaan met vakansie. ✔

7.2. Ons het ons tasse gepak ✔ en wag om te vertrek. ✔ (3)

**Vraag 8: Skryf die sin in die verlede tyd.**

8.1. Ons gaan see toe.

**Ons het see toe gegaan.** ✔ (1)

**Vraag 9: Vul die korrekte voornaamwoorde in.**

9.1. Ek pak my klere in **my** ✔ tas. (1)

9.2. Gerhard Muis pak **sy** ✔ tas. (1)

**Vraag 10: Vul die voorsetsels in.**

10.1. Ons swem **in** ✔ die see. (1)

10.2. Erasmus Seemeeu land **op/by/langs** ✔ die strand. (1)

10.3. Gerhard Muis sit **onder/langs** ✔ die sambreel. (1)

**Vraag 11: Skryf die sinne in die lydende vorm.**

11.1. Gerhard Muis pak 'n tas.

**'n Tas word deur Gerhard Muis gepak.** ✔ (1)

11.2. Erasmus Seemeeu het derms geëet.

**Derms is deur Erasmus Seemeeu geëet.** ✔ (1)

______/11

EXEMPLAR

**Vraag 12: Pas die woord in kolom A by 'n woord in kolom B om 'n nuwe woord te vorm. (samestellings).**

| A | B |
|---|---|
| swem | warm |
| son | plank |
| vuur | broek |
| brander | skerm |

12.1. **swembroek** ✔
12.2. **sonskerm** ✔
12.3. **vuurwarm / branderplank** ✔ (3)

**Vraag 13: Voltooi die tabel met woorde van die teenoorgestelde betekenis.**

| | |
|---|---|
| warm | 13.1. **koud** ✔ |
| droog | 13.2. **nat** ✔ |
| gelukkig | 13.3. **ongelukkig** |

(3)

**Vraag 14: Skryf die sinne in die ontkennende vorm.**

14.1. Ons gaan see toe.
**Ons gaan nie see toe nie.** ✔ (1)

14.2. Het iemand my sambreel gesien?
**Het niemand my sambreel gesien nie?** ✔ (1)

**Vraag 15: Skryf die sin in die toekomende tyd.**

15.1. Erasmus Seemeeu vlieg deur die lug.
**Erasmus Seemeeu sal deur die lug vlieg.** ✔ (1)

______/9

**TOTAAL: _____/20**

EXEMPLAR